

16 Januarie 2017

'n E-pos van Orthotouch

Geagte Heer/Dame

Teen die einde van 2016 het mense baie kommentaar in die druk- en elektroniese media gelewer oor die Highveld Syndication Maatskappye ('HS Maatskappye') en Orthotouch (Edms) Bpk ('Orthotouch'). Party van die berigte en kommentaar was onwaar en misleidend, en was na ons mening nie in u, die belegger, se belang nie. Ons besef dat u minstens 'n deel van u belegging wil verhaal, daarom wil ons graag die wanopvattinge uit die weg ruim en die werklike posisie opklaar.

Orthotouch het direk betrokke geraak by die HS Maatskappye nadat 'n geskil ontstaan het wat verband hou met die beweerde nie-betaling deur Bosman & Visser (Edms) Bpk ('B&V') van die balans wat hulle aan Zephan Properties (Edms) Bpk ('Zephan') geskuld het vir eiendomme wat B&V van Zephan gekoop het. Die HS Maatskappye het aan die einde van 2010 / vroeg in 2011 finansiële probleme begin ervaar, en was nie in staat om rente aan beleggers te betaal nie. Op 24 Maart 2011 is 'n ooreenkoms gesluit wat behels het dat Orthotouch die eiendomme by die HS Maatskappye sou koop. Orthotouch se direkteur, mnr Nic Georgiou, het gereken dat hy, danksy sy jare lange ondervinding in staat sou wees om die HS Maatskappye te red, rente aan die beleggers te betaal, hul kapitaal ná 'n vyfjaartydperk uit te betaal en wins te maak vir Orthotouch. Orthotouch sou tydens hierdie proses agterstallige betalings inhaal – 'n geouditeerde bedrag van meer as R880 miljoen (rente uitgesluit, ongeveer R1,1 miljard met rente ingesluit). B&V het die eiendomme wat hulle by Zephan gekoop het, aan die HS maatskappye verkoop teen 'n hoër prys as wat hulle daarvoor betaal het.

Die Orthotouch-ooreenkoms het gelei tot die beslegting van al die dispute tussen die onderskeie partye, en was in almal se belang, veral die beleggers s'n.

Die Orthotouch-ooreenkoms was onderhewig aan goedkeuring deur die Paneel vir Sekuriteite Regulering ('PSR') en die beleggers (aandeelhouders in 'n algemene vergadering).

Voordat die PSR goedkeuring verkry is was 'n aansoek vir die likwidasië van HS 19 gebring. Die oorblywende HS Maatskappye, HS 15 tot HS 18 en HS 20 tot HS 22, is volgens 'n resoluë van die direkteure onder besigheidsredding geplaas. Die likwidasië-aansoek vir HS 19 is teruggetrek, en HS 19 is ook onder besigheidsredding geplaas.

Daar is op 'n Besigheidsreddingsplan ('die Plan') ooreengekom, ingevolge waarvan die HS Maatskappye se eiendomme aan Orthotouch verkoop is.

Die Plan het die benarde situasie waarin HS beleggers hulleself bevind het duidelik uiteengesit. Indien die Plan nie deur meer as 99% van die aanwesige skuldeisers wat gestem het, aanvaar is nie, sou die HS Maatskappye gelikwideer moes word. Beleggers

sou dan so min soos 10 sent in die rand uit die likwidasieproses, wat vir jare ná 2011 sou voortsleep, ontvang – met geen rentebetelings intussen nie.

Dit het daarna duidelik geword dat die Besigheidsreddingsplan as gevolg van 'n afswaai in die ekonomie en die onvermoë om – te wyte aan onbehoorlike inmenging – die nodige befondsing te kry, nie sy doel sou bereik nie. Die Orthotouch-direkteure het toe 'n Reëlinskema ("Reëling") vir die beleggers en handelskrediteure voorgestel. Die doel van die Reëling was om die betalingsterme volgens die Besigheidsreddingsplan te herstruktureer, en om aan beleggers drie alternatiewe betalingsmetodes te bied.

Die motivering vir die voorgestelde Reëling is duidelik in 'n opsomming uiteengesit, waarvan uittreksels in kursief hieronder verskyn:

"It is a well-known fact that even prior to the HS Companies getting into financial difficulties, a group of individuals termed herein, for want of a better name, "the detractors", sought to bring about the failure and demise of the HS Companies.

*"During this process ... the Company funded by Orthotouch commenced paying interest to HS investors in March 2011"**

* Teen die aanvanklike rentekoers van 6% per jaar, gebaseer op die volle bedrag van hul historiese belegging, wat meer as dubbel die waarde van die beskikbare eiendom was. Tot op hede is daar meer as R1 miljard aan HS beleggers betaal.

"Had interest been calculated and paid on the value of the properties at the time when business rescue proceedings in respect of the HS Companies commenced, being only some R2.6 billion, as opposed to the value at which the properties were syndicated, Orthotouch would as at the date of the proposing of the Arrangement, have been more than R200 million in credit, and there would have been no arrears due to HS Investors.

"The reason why the offer by Orthotouch to the Business Rescue Practitioner was made on syndication value, was that Orthotouch believed that its offer would receive the backing of investors and brokers and above all, financial institutions. This was not the case and as a result the affairs of Orthotouch need to be restructured in terms of a Scheme of Arrangement in terms of Section 155 of the Companies Act, No. 71 of 2008.

"In terms of this Arrangement, the claims of the trade creditors of Orthotouch and the HS Companies are being restructured in full and final settlement, and trade creditors are expected to receive payment in full of their claims.

"Furthermore in terms of the Arrangement, the claims of HS Investors are likewise being restructured, in full and final settlement, and in particular, HS Investors' claims in regard to interest are restructured, and HS Investors are afforded the opportunity to make elections as to the repayment of their historical investments in the HS Companies.

Die Reëling het die struktuur wat in die Besigheidsreddingsplan voorgestel is, naamlik dat gelde verskuldig aan Orthotouch ondergeskik is aan beleggers s'n, gehandhaaf.

Op 12 November 2014 is 'n statutêre vergadering ingevolge die Maatskappywet gehou, waartydens 95% van die aanwesige beleggers wat gestem het die Reëling goedgekeur het. Die Reëling is op 26 November 2014 deur die Hooggeregshof bekragtig.

Sedert die bekragtiging van die Reëling, het Orthotouch al sy verpligtinge, spesifiek rentebetalinge, teenoor HS-beleggers nagekom.

Ten spyte van die Reëling se geboekstaafde steun, is daar nog steeds partye wat lede van die publiek en beleggers wysmaak dat waarde verkry kan word deur mnr Nic Georgiou persoonlik te vervolg. Mnr Georgiou is, en was nog nooit, betrokke as 'n direkteur of aandeelhouer in die HS Maatskappy of B&V nie.

Regsaspekte

'n Aantal eisers het 'n aansoek ingedien wat hulle in staat sou stel om 'n sogenaamde klas-aksie teen sekere respondente, wat Orthotouch en mnr Georgiou insluit, te bring. Hierdie aansoek is sedertdien teruggetrek.

Nóg 'n aansoek om die Reëling tersyde te stel is deur drie partye geloods, en op 'n soortgelyke wyse teruggetrek.

Dit is duidelik dat die Reëling die grootste potensiaal aan beleggers bied om waarde uit hul beleggings in die HS Maatskappy te realiseer. Die uitslag van volgehoue, duur regsgedinge teen Orthotouch waarborg nie vir beleggers 'n gunstige uitkoms nie, en verteenwoordig na ons mening 'n mors van tyd en geld.

Die Reëling se alternatief is likwidasie, wat slegs die likwidateurs en prokureurs se belange sal dien.

Indien u enige verdere navrae oor hierdie aangeleentheid het, kan u gerus 'n e-pos na admin@orthotouch.co.za stuur of ons skakel by 087 997 0545.

Die uwe

ORTHOTOUCH (EDMS) BEPERK